

Wat kan u verwag by 'n sub-akute / 'stepdown' fasiliteit?

- ◆ 24/7 Verpleegsorg deur opgeleide verpleegsters en versorgers
- ◆ 'n Algemene praktisyn wat een keer 'n dag saal rondtes doen
- ◆ Physios, arbeids- en spraakterapeute wat help met die rehabilitasie soos dit deur die verwysende dokter gemotiveer is
- ◆ Wond Sorg Sister beskikbaar indien nodig
- ◆ 3 Etes 'n dag met 'n klein versnapering in die aand

Wie is verantwoordelik vir die magtiging by die mediese fondse?

- ◆ Die verwysende dokter stuur 'n motiveringsbrief aan die administratiewe afdeling (gevalle bestuurder) van die hospitaal
- ◆ Die brief word dan aan ons, Lynnmed kliniek, gestuur waar ons die mediese fondse direk skakel vir magtiging
- ◆ Sodra ons bevestiging gekry het van die magtiging kontak ons die hospitaal sodat oorpasing van die hospitaal na ons kan plaasvind

Hoe word ek vervoer van die hospitaal na Lynnmed kliniek?

- ◆ Die hospitaal reël dat u via 'n ambulans vervoer word
- ◆ Die ambulans kontak ons, Lynnmed kliniek, vir bevestiging dat die medies die magtiging goedgekeur het
- ◆ Sodra goedkeuring afgehandel is, kontak die ambulans ons en laat ons weet wanneer die oorpasing gaan plaasvind

Wat gebeur tydens opname?

- ◆ Daar word 'n deeglike assessering deur die verpleegpersoneel en rehabilitasiespan gedoen oor u welstand
- ◆ Indien moontlik word daar vorms ingevul, anders reël ons dat die familieledede dit invul tydens hulle eerste besoek
- ◆ Alle medikasie en persoonlike items word opgeskryf en weggebêre
- ◆ Indien daar 'n spesifieke dieet is as gevolg van mediese redes word dit aan die kombuis gekommunikeer

Wat bring ek saam as pasient?

- ◆ Gemaklike dagklere vir rehabilitasie, nagklere, toiletware (tandeborsel, haarborsel, seep, waslap ens.) - nes u hospitaal sak

Wat moet my familie weet?

- ◆ COVID: Besoektye sal aangepas word na gelang van die inperkings regulasies. Kontak asseblief die kliniek ten opsite van besoektye
- ◆ WhatsApp-boodskappe van vordering sal aan 'n familielid gestuur word en afspraak met die konsulerende dokter by Lynnmed kan tussen 07h30 en 08h00 per telefoon gemaak word
- ◆ Hulle kan skoon klere, blomme of geskenke bring en, as u vir iets spesifiek vra, sal ons hulle in kennis stel
- ◆ Dat u, as die pasient, in goeie hande is. Ons onderneem om u so spoedig as moontlik huis toe te stuur